



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V2
JUNIE 2025

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, 'n formuleblad
en 'n 11 bladsy-antwoordeboek.

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Versoenings en interne beheermaatreëls	50	40
2	Kosterekeningkunde	60	45
3	Voorraadwaardasie	40	35
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: BANK-, KREDITEURE- EN DEBITEUREVERSOENING
(50 punte; 40 minute)**1.1 BANKREKONSILIASIE TEORIE**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs “waar” of “onwaar” langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.1.1 'n Gunstige saldo op die Bankstaat word as 'n debiet aangedui.
- 1.1.2 Kredietkaartverkope word in die Debiteurejoernaal aangeteken.
- 1.1.3 Rente wat op die Bankstaat gedebiteer word, word in die kontantontvangstejoernaal aangeteken.
- 1.1.4 Bankkoste word outomaties op die kredietkant van die bankstaat aangedui.
- 1.1.5 Bankversoening is deel van die interne beheerstelsel van jou besigheid. (5)

1.2 BANKVERSOENING

Die inligting het betrekking op Calamata Handelaars op 30 Junie 2025. Die besigheid verkoop goedere kontant en op krediet.

GEVRA:

- 1.2.1 Bereken die korrekte saldo van die Bankrekening in die Algemene Grootboek op 30 Junie 2025. Dui aan of hierdie saldo gunstig of ongunstig is. (15)
- 1.2.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2025 op. (6)
- 1.2.3 Aanvaar dat die heffing op kredietkaartverkope 'n heffing van 4% is. Bereken die totale kredietkaartverkope vir die maand. (2)
- 1.2.4 **Verwys na Inligting F.**
Verduidelik TWEE interne beheermaatreëls wat die onderneming moet implementeer om te verseker dat dit nie weer in die toekoms gebeur nie. (2)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 30 Mei 2025.**

	Debiet	Krediet
Saldo volgens Bankstaat	8 520	
Uitstaande deposito's wat nog nie aangeteken is nie:		
12 Mei 2025		24 000
31 Mei 2025		12 760
Uitstaande EFO's:		
No. 71, 28 Mei 2025	7 880	
No. 73, 15 Mei 2025	15 400	
Saldo volgens bankrekening	4 960	
	36 760	36 760

- B** Die voorlopige totale in die kontantjoernale voordat dit met die Bankstaat vergelyk is: KOJ R325 000 en KBJ R290 000.
- C.** Items ingesluit in die Junie 2025-bankstaat, maar nie in die joernale nie:
- Uitstaande deposito, R12 760.
 - EFO 71 vir R7 880.
 - Verkope aan kliënte wat per kredietkaart betaal het, R15 300.
 - Diensfooie, R230.
 - Kredietkaartheffings, R1 050
 - Rente op oortrokke rekening, R130.
 - Direkte deposito deur 'n huurder vir huur, R5 900.
 - Kontantonttrekking per debietkaart, R3 600.
 - Rente op spaarrekening, R430. (nie gekapitaliseer nie)
 - 'n Direkte betaling gemaak deur Calamata Handelaars, R4 140 aan 'n krediteur.
 - 'n Direkte betaling ten gunste van Calamata Handelaars van 'n debiteur, R12 000.
 - Debietorders aan diensverskaffers, R17 200.
- D.** Items wat slegs in die kontantjoernale verskyn het:
- Deposito gedateer 30 Junie 2025 R30 400.
 - EFT 121 gedateer 29 Junie 2025 R19 200.
 - EFT 122 gedateer 30 Junie 2025 R4 700.
- E.** Die volgende verskille is opgemerk:
- EFT 73 gedateer 15 Mei 2025 vir R51 400 het op die bankstaat verskyn, maar die KBJ toon dit verkeerdelik as R15 400.
 - Die bank het Calamata Handelaars in kennis gestel dat daar 'n verkeerdelike oordrag van R19 740 aan hulle gedoen is.
- F.** Die uitstaande deposito van R24 000 op 12 Mei 2025 verskyn steeds nie op die Junie-bankstaat nie. 'n Ondersoek het getoon dat dié geld nooit gedeponeer is nie. Die kassier het verdwyn. Die uitstaande bedrag moet afgeskryf word.
- G.** Die Bankstaatsaldo op 30 Junie 2025 was gunstig, R 480.

1.3 KREDITEUREVERSOENING

Die inligting het betrekking op Smith Handelaars vir Junie 2025.

GEVRA:

- 1.3.1 Gee TWEE redes waarom dit vir die onderneming belangrik is om elke maand die Krediteureversoeningstaat op te stel. (2)
- 1.3.2 Bereken die korrekte Krediteurekontrolerekeningsaldo nadat die foute en weglatings in ag geneem is. (6)
- 1.3.3 Bereken die korrekte saldo's vir krediteure Hunt Groothandelaars en Tiger Groothandelaars, neem die foute en weglatings in ag. (10)

INLIGTING:**A.** Saldo's en totale op 30 Junie 2025:

Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek	R32 640
Lys van Krediteure:	
Hunt Groothandelaars	R16 580
Tiger Groothandelaars	R24 620
Blackwood Vervaardigers	0

B. FOUTE EN WEGLATINGS

- (i) Die Krediteurekontrole kolom in die Krediteurejoernaal is met R5 020 te min opgetel.
- (ii) 'n Kredietfaktuur vir handelsvoorraad op 28 Junie 2025 gekoop, vir R12 800 by Hunt Groothandelaars, is nie aangeteken nie.
- (iii) 'n Betaling van R3 150 aan Tiger Groothandelaars is as 'n faktuur in die Krediteuregrootboek oorgeboek. Die KBJ inskrywing is korrek.
- (iv) 'n Debietnota van R1 280 vir goedere wat aan Hunt Groothandelaars teruggestuur is, is verkeerdelik in die Krediteurejoernaal aangeteken en dienoreenkomstig na die Algemene Grootboek oorgeboek. Dit is korrek vanaf die dokument oorgeboek na die Krediteuregrootboek.
- (v) BTW van R1 720 was weggelaat op 'n faktuur wat van Hunt Groothandelaars ontvang is.
- (vi) Toerusting wat op krediet by Blackwood-vervaardigers gekoop is, R4 900, is verkeerdelik na die rekening van Tiger Wholesalers oorgeboek.
- (vii) 'n Faktuur vir R3 575 van Hunt Wholesalers is verkeerdelik oorgeboek as R3 375 in hul rekening in die Krediteuregrootboek.

1.4 DEBITEURE- OUDERDOMSONTLEDING

Verduidelik volledig die doel vir die voorbereiding van 'n debiteure-ouderdomsontleding. Noem TWEE punte.

(2)

VRAAG 2: PRODUKSIEKOSTESTAAT, BRUTO WINS EN EENHEIDSKOSTE (60 punte, 45 minute)

Current Bpk. bou omskakelaars (inverters) om aan huishoudings en klein besighede regoor Afrika te verkoop. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie 2025.

GEVRA:

- 2.1 Bereken die koste van die ingevoerde grondstowwe. (aansuiwering 5) (3)
- 2.2 Berei die volgende voor:
- 2.2.1 Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. (12)
- 2.2.1 Notas:
- Direkte materiaalkoste (10)
 - Fabrieksbo-koste (11)
 - Koste van klaar/voltooide goedere verkoop. (4)
- 2.3 Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. (3)
- 2.4 Bereken die volgende:
- 2.4.1 Die eenheidskoste van elke omskakelaar. (Rond af tot die naaste rand). (3)
- 2.4.2 Die verkoopprijs van elke omskakelaar. (3)
- 2.4.3 Bereken die gelykbreekpunt en lewer kommentaar daarop. (7)
- 2.5 Gee TWEE redes waarom jy Current Bpk sal aanraai om plaaslike verskaffers te ondersteun. (2)
- 2.6 Die eienaar van Current Bpk. is nie tevrede met die wins wat hy maak nie. Tans is daar 'n enorme vraag na omskakelaars in die land waarin die bedryf nie kan voorsien nie.
- Die eienaar het 'n alternatiewe verskaffer van grondstowwe vir die vervaardiging van die omskakelaars gevind. Hierdie verskaffer is baie goedkoper, maar hulle word nie deur die Elektrisiteitsraad goedgekeur nie, aangesien die veiligheid van die materiaal nie gewaarborg kan word nie. Die eienaar het bereken dat hy sy direkte materiaalkoste met sowat 40% sal kan verminder deur van die alternatiewe materiaal gebruik te maak. Aangesien die aanvraag so hoog is en mense alles koop wat hulle kan kry, het hy besluit om hierdie opsie te neem. Stem jy met hom saam? Verduidelik die moontlike implikasies van sy besluit op sy besigheid. (2)

INLIGTING:

Voorraad op 1 Julie 2024: Grondstofvoorraad	R120 000
Werk- in- proses voorraad	240 000
Voltooide/klaar produkte voorraad	616 080
Verbruiksgoedere voorhande	15 000
Transaksies gedurende die jaar:	
Verbruiksgoedere vir kontant gekoop	70 000
Grondstowwe aangekoop	420 000
Vraggeld betaal op grondstowwe	39 000
Grondstowwe wat gedurende die jaar uitgereik is	492 000
Fabriekslone	396 000
Fabrieksbestuurder salaris	120 000
Elektrisiteit: fabriek	18 000
Onderhoud op fabriekstoerusting betaal	48 000
Mediesefondsbydraes vir fabriekswerkers	78 000
Huuruitgawe	120 000
Waardevermindering op fabriekstoerusting	70 200
Administrasiekoste	82 170
Verkoops- en distribusie koste	452 640
Verkope	3 600 600

AANSUIWERINGS:

- Die volgende voorraad was voorhande op 30 Junie 2025:
 - Werk-in-proses voorraad 82 000
 - Voltooide/klaar produkte voorraad 120 600
 - Verbruiksgoedere voorhande 8 000
 - Grondstowwe voorraad ?
- Die fabriek se loonjoernaal vir Junie 2025 is nog nie oorgeboek nie. Bruto lone is R39 600, en die werkgewers se mediesefondsbydraes is R7 200.
- 'n Elektrisiteitsbedrag is nog uitstaande, R9 000. Elektrisiteit moet verdeel word tussen die fabriek, administrasie, verkope en distribusie koste, in die verhouding 4 : 1 : 1.
- Alle huur is vir die jaar betaal maar die fabriekshuur van R10 000 per maand is vanaf 1 Januarie 2025 met 8% p.m. verhoog. Die boekhouer het vergeet om die verhoging vir Januarie tot Junie te verwerk.
- 'n Besending grondstof, ingevoer vanaf China is op 30 Junie 2025 afgelewer. Geen inskrywing is gemaak nie. Die koste was soos volg:

Die wisselkoers ¥ 1 =	R18,12
Koste van grondstowwe	¥ 5 000
Vraggeld op aankope	¥ 800
Invoerbelasting:	10% van die grondstof
- Totale eenhede vervaardig: 780
- Totale eenhede verkoop: 850
- Die veranderlike koste per eenheid: R1 125

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE**(40 punte; 35 minute)****3.1 KONSEPTE**

Kies EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

eerste in eerste uit (EIEU), deurlopende voorraadstelsel;
periodieke voorraadstelsel, geweegde gemiddelde metode;
spesifieke identifikasie metode

3.1.1 Hierdie voorraadstelsel is meer geskik vir lae waarde goedere wat in grootmaat aangekoop word.

3.1.2 Hierdie metode van voorraadwaardasie ken 'n unieke of individuele waarde aan elke voorraad item toe.

3.1.3 Hierdie metode veronderstel dat voorraad in volgorde van aankoopdatum verkoop word. (3)

3.2 MY VELLIES

Die inligting het betrekking op My Vellies. Die besigheid verkoop een soort volstruisleer vellies. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2025. Die maatskappy gebruik die geweegde gemiddelde metode vir voorraadwaardasie en die periodieke voorraadstelsel.

GEVRA:

Bereken die volgende vir die jaar wat op 28 Februarie 2025 eindig:

3.2.1 Die waarde van die eindvoorraad deur gebruik te maak van die geweegde gemiddelde metode. (7)

3.2.2 Aantal eenhede vermiste/verlore voorraad. (4)

3.2.3 Die gemiddelde voorraadhouing periode (in dae). (5)

3.2.4 Die waarde van die eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik. (5)

3.2.5 Die eienaar voel dat dit beter is vir die onderneming om die periodieke voorraadstelsel te gebruik in plaas van die deurlopende voorraadstelsel. Verduidelik kortliks die verskil tussen die twee stelsels. (4)

INLIGTING:**A. Voorraad:**

Datum	Pare vellies	Totale waarde (insluitend vervoer)
1 Maart 2024	520	R320 770
28 Februarie 2025	325	?

B. Aankope:

Datum	Pare vellies	Kosprys per paar	Totale aankope	Vraggeld op aankope per paar	Totale koste (insluitend vervoer)
		R	R	R	R
31/05/2024	460	650	299 000	18	307 280
01/08/2024	700	680	476 000	18	488 600
15/10/2024	500	710	355 000	30	370 000
01/02/2025	300	725	217 500	30	226 500
TOTAAL	1960		1 347 500		1 392 380

C. Terugsendings

Dertig pare vellies van die aankope op 1 Februarie 2025 was nie van hoë gehalte nie. Dit is aan die verskaffer teruggestuur. Die besigheidsrekening is met R22 650 gekrediteer (insluitend vraggeld op aankope, volgens die ooreenkoms).

D. Verkope

2 115 pare vellies is gedurende die boekjaar vir R2 961 000 verkoop. Die verkoopprijs is konstant gehou op R1 400 per paar.

3.3 QUICK FRY

Julia Mthembu het in die nuutste "slim" lugbraaiers (air fryers) belê en het drie winkels in winkelsentrums in die Noordwesprovinsie geopen om hierdie lugbraaiers te verkoop. Die drie winkels word bestuur deur Miyaz Moola, Daleen Coetzee en Themba Ndaba. Julia het die jaarsyfers van die drie winkels gekry vir die finansiële tydperk wat op 28 Februarie 2025 geëindig het.

GEVRA:

Identifiseer EEN probleem met 'n oplossing met betrekking tot elk van die winkels. Haal syfers aan om jou standpunt te staaf.

(12)

INLIGTING:

	Klerksdorp	Potchefstroom	Vryburg
Lugbraaiers te koop	300 eenhede	500 eenhede	350 eenhede
Verkope vir die jaar	175 eenhede	400 eenhede	350 eenhede
Voorraad 28/02/2025	225 eenhede	75 eenhede	Nul
Kosprys per lugbraaier	R4 500	R4 500	R4 500
Verkoopprijs per lugbraaier	R6 500	R6 500	R6 500
Huur vir die jaar	R520 000	R230 000	R180 000
Advertensies per jaar	R80 000	R40 000	R100 000
Salaris van bestuurder	R20 000 p.m.	R20 000 p.m.	R20 000 p.m.

40

TOTAAL: 150

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSER FORMULEBLAD	
$\frac{\text{Bruto wins} \times 100}{\text{Verkope}} \quad 1$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhouersekwhiteit
(Handels- en ander debiteure + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: 1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar mag gebruik word indien vereis in 'n vraag. 2. Krediet aankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfer sal dieselfde wees as voorraad konstant is). 3. As daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, die gewoegde gemiddelde aantal aandele word in die praktyk gebruik.	